
# God het jou lief

In ‘n sekere sin is hierdie seker die moeilikste én belangrikste bybelverhaal wat jy kan aanbied. Die kruisverhaal (En die KB “God het jou lief”) is baie bekend en die kinders kan dit so maklik as oorbekend en vervelig ervaar. En dis *juis* die één waarheid wat jou klas verwonderd moet laat.

Wenke vir aanbieders:
- Kry weer ‘n passie vir hierdie waarhede. Dank God daarvoor. Wees opgewonde oor Sy liefde, sy liefde tot aan die kruis.
- Bid dat die les ‘n impak sal hê op jou kinders.
- Moenie die kruisverhaal oorlaai met detail (die haan wat kraai toe Petrus Hom weer verloën, sy woorde aan die misdadiger langs Hom, ens.) nie. Dit maak die les te lank. *“Kort en kragtig.”*
- Moenie begin met “Vandag hoor julle die storie van Jesus aan die kruis” nie, en moenie die prente wys voor hulle ter sprake kom nie. Dit maak die les dalk te voorspelbaar. (Ek het probeer om minder bekende feite in hierdie les te gebruik wat nie so voorspelbaar is nie.)

Bied asb. (enige skrifles, maar veral) hierdie lewende, betekenisvolle en oorweldigende boodskap voorbereid, voorbiddend en entoesiasties aan!

**Jy Benodig:**
‘n Koerantbladsy, wat jy in die les gaan optel en van bo tot onder gaan deur skeur. [Wenk: Party soorte koerantpapier het ‘n grein [rigting] waarin hulle maklik skeur. Hulle skeur dikwels makliker van lings na regs, tussen die reëls deur as parrallel met die voulyn. Maak vooraf seker dat jy nie in die klas gaan sukkel om jou koerant teen die grein te skeur nie.]
Prente, Jesus voor Pilatus en Jesus aan die kruis.



**Les:**
Dit het begin gebeur toe Judas, een van Jesus se dissipels, vir Hom sê “Goeiemôre, meneer” en hom toe soen. Skielik kom daar toe ‘n klomp manne met swaarde en stokke uit – en hulle vang vir Jesus. Hulle arresteer Hom! (Judas het dit voor die tyd so met hulle afgespreek. Hy het vir hulle gesê: Die een wat ek soen-vang hom!)
Petrus was so kwaad toe hulle sy vriend Jesus vang dat dat hy een van die mans se oor afgekap het met sy swaard. Jesus was nie kwaad nie. Jesus vat die oor, sit hom terug en maak dit gesond. (Onthou, Jesus is God en hy kon alles doen. Hy het baie wonderwerke gedoen toe hy op aarde was.)
Jesus is tot vir die mense wat Hom vang lief! **Hy het jou** ook **lief.**

As jy wat God se kind is bang voel, of hartseer, kan God jou ongelukkigheid en bang wegvat. Vertel Hom van jou probleme. As Jesus ‘n af oor kan terugsit, kan Hy jou seer hart ook heelmaak. Jesus wil, want **Jesus het jou lief.**

Jesus draai toe na Petrus toe en sê:[*Lees uit die Bybel Matt. 26:52-53]* Jesus het gesê God kan Hom help as hy gehelp wil word, maar Jesus wil nie gehelp word nie. Jesus laat toe dat hulle Hom arresteer. Hy weet die mans met stokke en swaarde gaan Hom slaan en kruis toe stuur, maar Jesus wil gekruisig word, want **Hy het jou lief.** Hy weet dat as Hy gestraf word vir jou sonde sal Hy ‘n manier maak waarop mense kinders van God kan word. As hy nie aan die kruis wou doodgaan nie, sal ons almal moet hel toe gaan vir ons sonde.
Die mense wat Jesus gevang het, het hom gespot en en sleggesê. Word jy soms gespot? Sê mense slegte goed wat nie waar is nie van jou?

**Jesus wat jou liefhet** weet hoe jy voel. Onthou net, al hou mense nie van jou nie en al terg hulle jou, jy kan jou kop optel en vir jouself sê: **God het my lief.**

Na Jesus gespot is, vat hulle hom voor Pilatus. [Wys prent daarvan] Pilatus was soos ‘n regter. Pilatus vra vir Jesus ‘n klomp vrae en besluit toe dat Jesus niks verkeerd gedoen het nie. Daar was geen rede om Hom te arresteer nie. Pilatus vertel toe vir al die mense: [Lees Lukas 23:4 direk uit die Bybel]
Maar die mense skree: Kruisig Hom! Pilatus probeer eers keer, maar omdat hy bang is vir die mense sê hy op die ou end maar: “Slaan Jesus en kruisig Hom.” [Neem Jesus voor Pilatus –prent weg]
Hulle slaan toe vir Jesus met ‘n gésel. ‘n Gésel is ‘n sweep met ‘n klomp toutjies vooraan. Aan elke toutjie is daar ‘n skerp stukkie been. Soos hulle Jesus daarmee slaan, ‘peck’ die stukkies been in sy rug in. Wanneer hulle die sweep terugpluk, pluk dit stukkies vel en vleis uit.

Baie mense wat so geslaan is, was sommer toe al dood. so Jesus moes ‘n sterk, gesonde man gewees het, want Jesus was na die slaan nog sterk genoeg om sy swaar kruis ‘n ent te dra. [Die feit van ‘n liggaamlik *sterk* Jesus kan belangrik wees vir veral seuns se Godsbeeld]

Onthou, Jesus kon wonderwerke doen. Hy kon sy straf sommer net so laat ophou het, en die mense wat hom gevang en seergemaak het dadelik terug gekry het. Hy het die krag gehad om dit te doen, hy is mos God! Maar Hy doen dit nie, want Jesus het ons lief. Hy weet dis nodig dat iemand ons straf dra, anders sal ons nooit saam met Hom in die hemel wees nie.

[Wys prent van Jesus aan kruis.] Aan die kruis bid Jesus vir die mense wat Hom geslaan en gekruisig het. “Vader, vergewe hulle. Moenie vir hulle kwaad wees nie.” **Jesus het hulle** regtig **lief gehad.**

Al het jy nie vir Jesus aan die kruis gespyker nie, het jy ook sonde gedoen. Jy dink lelike goed, jy sê lelike goed, jy doen lelike dinge. Partykeer is daar ook goed wat jy moet doen, maar wat jy nie doen nie.

Jou sonde maak dat jy nie by God in die hemel mag kom nie. Maar Jesus is gestraf vir jou sonde. As jy jammer is oor jou sonde en vir God daarvan vertel, en as jy bereid is om Jesus baas te laat wees van wat jy sê en dink en doen, sal God jou Sy kind maak, want **God het jou lief.** As jy wil weet hoe om ‘n kind van God te word, of as jy wil gesels, kan jy [na die tyd- *noem ‘n spesifieke tyd wat jy beskikbaar is*] met my kom gesels.

Omdat **God jou liefhet**, het hy Jesus laat kruisig. Daar aan die kruis, terwyl Jesus so in pyn is, sê hy vir sy vriend Johannes: “Daar is jou ma,” en hy kyk af na sy ma. En hy sê vir sy ma: “Daar is jou seun,” en hy kyk af na Johannes. Jesus het eintlik bedoel: “Johannes, pas my ma op, nou dat ek haar nie meer kan oppas nie.” Al was hy aan die kruis, al was alles aan hom seer, het Jesus nie net aan sy pyn gedink nie. Hy was braaf genoeg om sy pyn te vergeet- en aan sy ma te dink en haar te help. Dis nog ‘n bewys van hoe lief Hy mense het.

[Dramaties, praat stadiger en sagter.] Toe Jesus nog so aan die kruis hang, word dit skielik pikdonker. 12uur in die dag. [Neem Jesus aan kruis-prent weg.]Toe hoor die mense wat om die kruis staan vir Jesus sy laaste woorde praat: “Vader in U hande gee ek my gees oor. Toe is Jesus dood.

Daardie oomblik gebeur ‘n wonderwerk.

Daar was daardie tyd ‘n baie spesiale plek in die tempel waar een priester eenkeer ‘n jaar kan inkom om met God te praat. Voor daardie baie spesiale plek het ‘n dik gordyn gehang. [Hou die koerantbadsy op] Hulle het dit die voorhangsel genoem. Die voorhangsel in die tempel skeur op daardie oomblik van bo tot onder, [Skeur die koerantbladsy van bo tot onder om te demonstreer.] sonder dat iemand aan hom raak.

Hoekom het God die voorhangsel laat skuur? Want God wil nie net hê een mens moet eenkeer ‘n jaar met Hom praat nie- Hy wil hê *almal* moet met Hom praat- elke dag.

Vertel vir vir God hoe jy voel en waaroor jy dink. **Hy het jou lief** en wil graag met jou praat.

As jy met Jesus praat, onthou om vir Hom dankie te sê omdat **hy jou liefhet.**